

19 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Konings 8 (OAV)

Fokusgedeelte: 2 Konings 8:18

Die regte lewensmaat

Voor die sondvloed was die goddeloosheid baie groot op die aarde. Hierdie verskriklike boosheid was die gevolg van die ondertrouery tussen gelowiges en ongelowiges (Gen 6:2).

Dieselfde gebeur ook hier in 2 Kon 8. Jehóram was die seun van die godvresende koning Josafat (1 Kon 22:43). Ons kan dus aanneem dat Josafat ook aan sy seun Jehóram die regte opvoeding sou gegee het. Maar hy trou met die dogter van die uiters goddelose Agab en Isébel. Wat gebeur nou? Jehóram is nie in staat om sy vrou ten goede te beïnvloed nie. Hy val in die kloue van Satan en doen wat verkeerd is in die oë van die Here.

Laat ons gewaarsku wees. Die Woord van die Here geld vandag vir ons nog net soos in die tyd van Paulus toe hy in 2 Kor 6:14 gesê het: “Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie”.

As jy na 'n lewensmaat soek, doen dit biddend en soek onder Christengelowiges wat nie skaam is om hulle Christelike beginsels in die openbaar uit te leef nie.

Sing: Psalm 36:1

Ds PA Smit (Emeritus)